Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 13/8/2021

GELUKWENSING

Graag wil ons baie geluk sê aan Amoné Wilkins met haar praggemiddeld van 90.15%, vir kwartaal 2 (Graad 11). Sy is reeds in die vorige nuusbrief gelukgewens, maar daar is 'n verandering aan haar gemiddeld.

BREINPROFIELE

Wonder jy soms waarom jy op 'n sekere wyse dink en optree? Dit hang af van jou breinprofiel! Graad 8- tot 10-leerders wie graag wil hê hul breinprofiel moet bepaal en ontleed word, en wat dit nog nie voorheen voltooi het nie, kan van die geleentheid gebruik maak. Onthou – dit is nie dieselfde as aanlegtoetse nie, maar `n diagnostiese toets om `n leerder se denkvoorkeure te bepaal, wat wel ook kan help met vak- en beroepskeuses.
Briewe met meer inligting sal beskikbaar wees by me. M Fourie en me. A van Emmenis (O/10).

NEETHLING BRAIN INSTRUMENTS

NBI® Neethling Brain Instruments

Wonderlig Groepprojek

Lig verdryf duisternis

- ✓ Op 28 Julie 2021 (verlede kwartaal) het die Gr. 9-groepe afgesluit met ons gebruiklike feesviering in die Flambojantsaal. Leerders het o.a. Wonderligtrofeë, balkies en sertifikate ontvang.
- ✓ Op 4 Augustus 2021 is afgeskop met die eerste sessie vir Gr. 8-leerders wat ingeskryf het. Daar is twee groot groepe met talle entoesiastiese deelnemers.
- ✓ Ten slotte kry Gr. 8- tot 10-leerders een maal per jaar die geleentheid om in graadverband deel te neem aan die projek.
  - Visie: Om positiwiteit onder tieners te verhoog deur emosionele intelligensie. Daardeur kan hulle hoop kry vir die toekoms, ten spyte van enige omstandighede. Dit kan hulle bemagtig vir `n beter en gelukkiger toekoms.
  - Betekenis van embleem: Die skoenlapper is `n simbool van lewe en transformasie.

Die Wonderlig Groepprojek word gratis aangebied deur me. Mariëtte Fourie as senior-fasiliteerder en opgeleide en bevoegde mede-fasiliteerders. Kontak haar gerus vir meer inligting.

VELDTEIKENSKIET - LIGA

Die FT en HFT liga vind plaas op 21 September 2021 by die Hoërskool Wonderboom (B-veld). Die inskiet begin reeds om 10:00.
Jy moet reeds 3 klubligas geskiet het om hier te kan deelneem. Die koste beloop R50.00 (inskrywingsgeld).

WETENSKAP-WEEK 2021

Die Akademiese Komitee van die Matriekraad het in Junie 'n Wetenskap-week aangebied. Hierdie jaar is besluit om dit in die vorm van 'n Olimpiade aan te bied. Al die rondtes se vraestelle is deur Armandt Erasmus van die Akademiese Komitee opgestel en het uit drie rondtes bestaan. 24 ywerige leerders van Graad 8 tot 12 het deelgeneem oor 3 verskillende dae. Die volgende 6 leerders het deurgedring na die finale rondte:

Marnus Lezar (Graad 8)
Armand Cilliers (Graad 10)
Zoë J. van Rensburg (Graad 12)
Zandi Pretorius (Graad 9)
Marco Reiners (Graad 11)
Rynhardt Engelbrecht (Graad 12)

Baie geluk aan die wenner, **Marco Reiners,** in Graad 11. Hy het 'n Chem Start Scientific Experiment-stel met 52 verskillende eksperimente, ter waarde van R 2000 gewen.

Baie dankie aan al die deelnemers en organiseerders.
Mag Wetenskap net van krag tot krag gaan.

WONNIE IDOLS

Die Wonnie-Idols gaan voort en ons is baie opgewonde oor die vorm wat die kompetisie aangeneem het. Weens die Covid-19 protokolle het ons 'n paar aanpassings gemaak...
Hou die spasie dop!

GRAAD 8 (2022) INSKRYWINGS

Die Graad 8-aansoeke het op 10 Augustus op die departementele aanlynstelsel begin. Daar is egter reeds verskeie probleme wat met die stelsel ervaar word. Ouers word aangemoedig om steeds te probeer aansoek doen op die stelsel. Bring egter ook, so gou as moontlike, u dokumente na die skool sodat u kind wel op 'n waglys geplaas kan word. Die skool het die departement bewus gemaak van die probleme en sal dit van ons kant af deurgaans bestuur.

FOTO'S

Leerders wat foto's bestel het, kan dit in die algemene kantoor kom afhaal. Indien enige leerder nog foto's wil bestel, kan jy jou bestelling in die data-kantoor gaan plaas.

ATLETIEK

Graag wil ons aan die atlete die geleentheid gee om twee byeenkomste aan die einde van September by te woon. Atlete wat nie nou 'n ander sportsoort doen nie en belangstel om te begin oefen, kan solank by die volgende afrigters aanmeld:
Naellope. Langafstand: Vanaf Maandag, 16 Augustus by coach Gert.
Hekkies. Verspring. Driesprong: Vanaf Maandag, 16 Augustus by coach Charmain.
Die res van die items se oefendae en oefentye sal gekommunikeer word.
Enige navrae kan gerig word aan mnr. E Jordaan by atletiek@wonnies.co.za

MNR M LEZAR
SKOOLHOOF

Die Hoërskool Wonderboom

BEHOEFTIGE FONDS GHOLFDAG

17 September 2021 - Akasia Gholfbaan

REGISTRASIES IS OOP!

BESONDERHEDE

Vier-bal — R 1800

Sluit 18 gate in sonder 'n gholfkarretjie en 'n ete vir 4.

Enkelspeler — R 450

Sluit 18 gate in sonder 'n gholfkarretjie en 'n ete.

Putjieborg — R 2000

Sluit 'n uitstalling by 'n bof in.

Hoofborg — R 10 000

Sluit in naam, adverteer regte 'n vier-bal en advertensie spasie by die skool.

Gholfkarretjies

Moet self bespreek word by die gholfbaan.

Kontak vir registrasies: 083 290 6400 / 084 018 9999
of carl@wonnies.co.za / rugby@wonnies.co.za